oesterbaai nuus

nuusbrief 1/2015

Voorsitter: Walter Kurten Sel: 082338113
Sekretaresse: Ria Louw Sel: 0790836397
Tesourier: Hettie Jooste Sel: 0845890101
Adres: Posbus 95,
Oesterbaai
6305

Bankbesonderhede
ABSA BANK
Tak : 632 005
Rekeningno : 4052178885

Alle Oesterbaaiers

Groete uit Oesterbaai! Die vakansie is al weer lankal verby en een en elk is weer aan die gang, vasgevang in die roetine van 'n gejaagde lewe! Wees in 2015 wie jy bedoel is om te wees, doen wat vir jou lekker is en gaan waar jou hart jou wil neem! Mag 2015 baie spesiaal wees vir elkeen van u!

Die Komitee dra graag sy dank oor aan elkeen wat tydens die feesseisoen deur sy/haar heelhartige samewerking met betrekking tot versoeke van die Komitee verseker het dat Oesterbaai 'n rustige, veilige hawe vir al sy inwoners en besoekers kon wees!

Graag bring ons die volgende sake onder u aandag:

1. KOMITEE 2015

Die komitee vir 2014 bestaan uit die volgende lede:

Walter Kurten (Voorsitter)	Ria Louw (Sekretaresse)
Hettie Jooste (Tesourier)	Adriaan van Wyk
Joe Meyer	Hannes Botha
Poppie Meyer	Fanie Groenewald
Cornelia Groenewald	Otto Pepler
Janine de Villiers	Wendy Williams

Kontak- en portefeuljebesonderhede is op die webwerf (www.oesterbaai.info) beskikbaar of u kan ook ons plaaslike winkel besoek vir 'n afskrif. U is ook welkom om Ria 0790836397 in die verband te skakel.

2. PRIORITEITE 2015

Die volgende sake word as prioriteite vir 2015 gestel:

- Omgewingsake
- Watervoorsiening
- Openbare Toiletgeriewe
- Gemeenskapsaal
- Paaie
- Afvalstortingsterrein
- Fondsinsameling
- Werwing van nuwe lede
- Kommunikasie

3. OMGEWINGSBESTUURSPLAN

Vordering in hierdie verband sal in 'n aparte skrywe deurgegee word.

4. BIBLIOTEEK

Die biblioteek benodig steeds dringend ‘n groot dubbele boekrak. Indien u van so ‘n boekrak weet of ‘n bydrae in die verband wil maak kontak asseblief vir Ria 0790836397.

5. HONDE OP DIE STRAND/VUURWERKE

Die Komitee het geen ernstige klagtes in bogenoemde verband ontvang nie en bedank graag elkeen vir hul samewerking in die verband!

6. VULLISSAK HOUERS

Ons bring dit weereens onder u aandag dat baie van die hout houers waarin vullissakke geplaas word is besig om te verrot. Indien u dit nie meer kan herstel nie, skenk asseblief oorweging aan die aankoop van ‘n toe plastiekhouer (die soort met wiele wat getrek kan word sal ideaal wees). Dit sal terselfdertyd ook die probleem wat van tyd tot tyd ondervind word met ape, honde, muishonde en ander gediertes wat die sakke oopskeur en rommel strooi, aanspreek.

7. TOEGANG TOT DIE STRAND

Tydens die Desember vakansie was daar twee voorvalle van voertuie wat onwettig op die strand gery het en wat byna tragiese gevolge gehad het. Tydens die voorval op 31 Desember was 2 kinders betrokke. Omgewingsake is onmiddellik gekontak en hulle het die erns van die saak ingesien en ‘n ketting met ‘n slot en ‘n kennisgewing wat persone sonder permitte verbied om op die strand te ry, is aangebring. Verdere aandag word reeds aan die saak gegee. Die veiligheid van ons inwoners en vakansiegangers (veral ons kinders) is vir ons baie belangrik.

8. VLIEË IN OESTERBAAI

Oesterbaai ondervind tans ‘n ernstige vlieëplaag. Dit blyk grootliks die gevolg te wees van die onrusbarende toestande wat heers by die Afvalstortingsterrein. Daar word tans dringend aandag aan die saak gegee.

9. GEMEENSKAPSAAL

Die skool het einde Januarie die saal ontruim en die finale herstelwerk sal binnekort aan die saal gedoen word. Daarna sal die saal weer beskikbaar vir funksies/vergadering wees. Vir besprekings en verdere inligting kontak asseblief vir Ria 0790836397.

10. LIDMAATSKAP VAN DIE OESTERBAAI IWONERSVERENIGING

‘n Ernstige beroep word nogmaals op alle eienaars/inwoners of enige ander persone wat die belange van Oesterbaai op die hart dra, om as lede van die Vereniging te registreer. Jaarlikse lidmaatskap beloop R50-00 per persoon. Sien bankbesonderhede bo-aan nuusbrief.

Stuur asseblief u bewys van deposito aan Hettie deur by hjooste@absamail.co.za Meld asseblief u adres en selfoonnommer.

11. ALGEMEEN

Indien daar enige iets is wat u onder ons aandag wil bring, kontak asseblief enige een van die komiteelede en ons gee graag aandag daaraan.

Geniet u dag! Ons gesels spoedig weer.

OESTERBAAI INWONERSVERENIGING
DATUM:26 FEBRUARIE 2015